LAERSKOOL WELGEMOED PROSPEKTUS

Baie welkom by Laerskool Welgemoed – ***Die KLEIN skool met die GROOT hart!*** - en ons wéét dat u as ouer net so spoedig soos u kind trots op ons skool sal wees.

Laerskool Welgemoed het ontstaan in 1965 met 41 leerders en 2 opvoeders. Die skool was gehuisves waar Pick ‘n Pay tans geleë is. Getrou aan sy leuse, “Prospicimus”, - ***Kyk vooruit*** - het die skool gegroei en uitgebrei, danksy toegewyde hulp en samewerking van ‘n betrokke ouergemeenskap. Laerskool Welgemoed is tegelykertyd dankbaar en trots om te kan sê dat ons oor uitstekende fasiliteite beskik in ‘n bykans volmaakte omgewing. Die leerdertal het tot op hede gegroei tot ongeveer 780 leerders. Laerskool Welgemoed is ‘n parallelmediumskool met ‘n trotse tradisie en het al verskeie uitblinkers opgelewer.

Dit is ons strewe om ‘n warm, ontspanne atmosfeer te skep waarin kinders gekoester word en ons ons missie uitleef om leerders te lei sodat hulle hul Godgegewe talente optimaal kan benut in ‘n klimaat van liefde en sekuriteit. Ons is uniek in die sin dat ons ‘n betreklike klein skool is, maar ons leerders lewer uitsonderlike prestasies oor ‘n breë spektrum aktiwiteite: akademiese uitnemendheid, sport, kuns en kultuur, asook leierskap.

By Laerskool Welgemoed dra ons waarlik die belange van elke lid van ons familie op die hart. Ons skoolwapen is ‘n bleshoender en hier word elke kind ‘n “Blessie” en is dadelik deel van die “Blessie-familie”. In ons strewe na uitnemendheid integreer ons kennis en tegnologie. Afgesien daarvan dat ons beskik oor ‘n ten volle toegeruste mediasentrum en ‘n rekenaarlokaal waar al ons leerders in IT onderrig word, is *elke* klaskamer in ons skool ook toegerus met ‘n rekenaar en plasmaskerm. Om ‘n doel te bereik, verg talent, toewyding en volharding, sommige is gedeelde doelwitte, ander is persoonlik. By Laerskool Welgemoed word elke leerder toegerus om sukses te ervaar. Ons bied remediërende hulp aan by die Prospicimus Opvoedingsentrum, en daar is toegang tot gespesialiseerde dienste soos spraak- en arbeidsterapie. Ons het ook ‘n toegewyde Opvoeder-Ondersteuningspan om leerders by te staan wat hulp benodig.

Laerskool Welgemoed mag ‘n relatiewe klein skool wees, maar ons het ‘n groot hart en reuse-drome vir ons leerders!

LAERSKOOL WELGEMOED BIED

- Uitstekende akademiese onderrig
- ‘n Dinamiese personeel wat uitstekend toegerus is vir hul taak
- Aan elke kind die geleentheid om volgens sy / haar eie vermoëns te presteer
- Remediëring deur bekwame onderwysers
- Verrykende werk vir skrander leerlinge
- ‘n Uitstekende toegeruste rekenaarsentrum met die beste programmatuur
- ‘n Nasorgsentrum met bekwame onderwysers
- Jesus and Me-klub (JAM), kore, redenaars- en Bybelvasvrakompetisies en drama
- Atletiek, rugby, netbal, tennis, krieket, hokkie, landloop, swem en skaak
- Leierskapontwikkeling
- Opvoedkundige uitstappies
- Entrepreneurskap
- Erkenning aan alle leerlinge vir deelname aan enige skoolaktiwiteit
- ‘n Georganiseerde skoollewe waar u kind in geborgenheid aangespoor word tot optimum prestasie
- Graad 1-klaskamers met interaktiewe witborde
- Mimio borde in alle grade 2 en 3 klaskamers.

VISIE
Waar elke kind in ‘n geborge omgewing voorberei word vir hul toekoms.

MISSIE
Laerskool Welgemoed is verbind tot die volgende missie:

- akademiese uitmuntendheid te alle tye na te streef

- werwing te doen op so ‘n wyse dat die waardes van die skool nie in gedrang kom nie, maar dat die doelwitte wat gestel is, verwesenlik kan word
- voortdurende aanwending van die tegnologie wat beskikbaar is om onderrig te verbeter (binne die beperking van gesonde finansiële bestuur)
- groter ouerbetrokkenheid te bewerkstellig deur volgehoue skakeling
- gesonde finansiële beplanning en beheer te alle tye toe te pas
- hoë standaarde op akademiese, kulturele en sportgebied na te streef
- proaktiewe hantering van verandering sodat kreatiewe oplossings gevind kan word vir die probleme wat deur volgehoue, snelle verandering ontstaan
- die leerlinge met liefde en deernis op te voed sodat hulle as gelukkige, goed toegeruste en gebalanseerde skoliere suksesvol die uitdagings van die hede en toekoms die hoof kan bied.

DIE OUER EN ONS SKOOL

Die onderwysers van Laerskool Welgemoed is dankbaar dat ouers hulle kinders aan ons toevertrou en om deel te hê in hul opvoeding. Hiermee begin vir u 'n nuwe tydvak van samewerking met ons skool in belang van u kind.

Ons gaan aandag skenk aan die verskillende skoolaangeleenthede soos akademie, sport, kulturele bedrywighede, konserte, uitstallings en toere. Ons verwag van u as ouer om u kind tuis te onderskraag sodat hulle gelukkig en rustig kan bly presteer.

Ons skool is in die bevoorregte posisie dat dit klein genoeg is om die leerlinge nog as indiwidue te ken en te behandel, maar tog groot genoeg om op akademiese, kulturele en sportgebied te presteer.

Jare lank al is daar ook 'n hegte band tussen ouers en onderwysers wat saam probeer om in hierdie belangrike fase van die ontluikende kind net die beste te gee wat onderrig en ander fasiliteite betref.

Waar ouers en onderwysers mekaar met agting, dankbaarheid, erkenning, begrip en samewerking met betrekking tot die kind se opvoeding aanvul, verkry die kind 'n belangrike voorsprong ten opsigte van sy ingesteldheid teenoor sy werk, gesag en menslike verhoudings.

By Laerskool Welgemoed streef ons veral daarna om 'n oop verhouding tussen ouers en onderwysers te hê. Inderdaad bevorder ons gesprekke tussen ouers en onderwysers te alle tye en nie net wanneer die kind 'n probleem mag hê nie.

TOELATINGSVEREISTES

Die toelating van 'n leerling tot die skool is onderhewig aan die vereistes van die doelstellings, missie en visie van die skool.

Soos voorgeskryf deur die WKOD mag die volgende ouderdomsperk per graad nie oorskry word nie:

Graad 1: 7 jaar*
Graad 2: 8 jaar
Graad 3: 9 jaar
Graad 4: 10 jaar
Graad 5: 11jaar
Graad 6: 12 jaar
Graad 7: 13 jaar

- Gedrag en skolastiese vordering moet na wense wees.
- Ouers onderneem om die voorgestelde skoolfonds te betaal.

**Leerders wat in die jaar waarin hulle ses word voor 30 Junie van daardie jaar, se toelating is onderhewig aan die sukses van ‘n skoolgereedsheidstoets. Dit word deur die skool gedoen.*

KLASINDELINGS

Al die klasse vanaf graad 1 tot 7 word heterogeen ingedeel. Ons glo dat so 'n indeling die mees lewensgetroue indeling is. Die vraag wat dikwels gevra word is of sterker leerlinge nie hierdeur benadeel word nie. Hiervoor maak ons voorsiening deur ons onderwys so te individualiseer dat

sterker leerlinge meer en uitdagender werk doen as ander – dus elkeen ontwikkel volgens sy eie vermoë.

SKOOLFONDS
Laerskool Welgemoed is ‘n Quintiel 5 openbare skool. Dit bring onder andere mee dat ouers deur wetgewing verplig word om skoolgeld te betaal. Skoolfonds word jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en tydens ‘n ouervergadering goedgekeur. Die skoolfonds word jaarliks aangepas om tred te hou met die inflasiekoers. Die skoolfonds kan eenmalig of oor tien maande, vereffen word.

BYWONING
‘n Leerder is skoolpligtig vanaf die begin van die jaar waarin hy 7 jaar word. Dit is absoluut noodsaaklik dat leerlinge die skool gereeld bywoon. Indien ‘n leerder om een of ander werklik ernstige rede afwesig is, moet hy/sy wanneer hulle weer die skool bywoon, ‘n brief ter verduideliking inhandig.

KOMMUNIKASIE
Daar word gereeld omsendbriewe aan u as ouer gestuur om u op die hoogte te hou van skoolaktiwiteite en -prestasies. Die omsendbriewe kan ook op die skool se webwerf (www.welgemoedprimary.co.za) gevind word.

Die Blessie Blitz, met die belangrike nuus en aktiwiteite van die week, is ook elektronies beskikbaar op ons webwerf. Ons skoolkoerant, die Welgesê, word kwartaalliks gepubliseer. U is ook baie welkom om in die koerant te adverteer.

Daar word ook bykans daagliks deur middel van ons SMS-stelsel en D6 Kommunikeerder met ouers en ouergroepe gekommunikeer om inligting rakende sportreëlings, wedstryde en selfs net om te spog met die skool of een van ons leerders se prestasies, weer te gee. Ons het ook n Facebook-blad wat ouers gerus kan volg.

REKENAARAKADEMIE
Laerskool Welgemoed beskik oor 'n goed toegeruste rekenaarakademie met baie interessante opvoedkundige programmatuur. Al die leerlinge in die skool ontvang weekliks onderrig in Afrikaans, Engels en Wiskunde in die rekenaarsentrum. Die visie van die rekenaarakademie is om ons leerders, via rekenaartegnologie, in leiers te ontwikkel en om ons skool op te hef as ‘n moderne, tegnologies ontwikkelde laerskool.

Die missie is om die mees moderne digitale rekenaar-tegnologie en onderrighulpmiddels te gebruik om ons leerders optimaal te ontwikkel vir die eise van ‘n moderne digitale wêreld. Die daarstelling van ‘n modelskool wat ‘n bydrae en ‘n verskil sal maak in ons samelewing, hang nou daarmee saam.

LEIERSKAPSONTWIKKELING
24 graad 6-leerders is in 2017 verkies om te dien op die Leerderraad en sal in hul graad 7-jaar dien op hierdie raad van Laerskool Welgemoed. Die samestelling van die Leerderraad bestaan uit 25% meisies en 25% seuns van elke taalgroep. is vyf Afrikaanse seuns, vyf Afrikaanse dogters, vyf Engelse seuns en vyf Engelse dogters. Die hoofleiers van Laerskool Welgemoed se Leerderraad sal bestaan uit twee Engelse leerders (seun en dogter) en twee Afrikaanse leerders (seun en dogter). Gedurende die vierde kwartaal, sal ‘n leierskapsprogram deur kundiges aan die hele graad 6-groep aangebied word. Die program bestaan uit doelgerigte aktiwiteite, gefokus op die identifisering van leierskapsvaardighede. Die huidige Leerderraad sal ook as fasiliteerders optree sodat die leerders mekaar voldoende leer ken. Na afloop van die leierskapsprogram, stem die leerders vir hul leiers. Tydens die prysuitdeling word die ouers van die Leerderraad na die verhoog geroep om hulle kinders se wapens aan te steek en die vier hoofleiers word aangekondig.

N moniterings sisteem is ingestel vanaf 2017 om die oorblywende graad 7 leerders die geleentheid te gee om hulle leierskapvaardighede te ontwikkel gedurende die jaar. Die ses moniteringsgroepe wat sal funksioneer in 2017 is Media, Rekenaars, Klank, Esteties, Sport en Kultuur. Klaskapteine sal roteer op n twee-weeklikse basis vanaf Gr 5 tot 7.

NASKOOLSORG
Die skool beskik oor ‘n nasorgsentrum slegs vir ingeskrewe leerlinge.

Ons bied die volgende:

- ‘n Warm, gesonde milieu – stimulering, sosialisering en emosionele ontwikkeling
  - Opgeleide personeel – grondslag-, intermediêre- en senior fases
  - Studie onder toesig van gekwalifiseerde opvoeders – aktiwiteite vir jonger leerders
  - Vakansiediens teen R55 per dag, geskied vanaf 07:45 – 17:30 met ‘n gestruktureerde vakansieprogram
  - Tariewe: slegs noodgevalle - R90 per dag
    Wagklas Graad 1 – 3 (slegs tot 14:30) - R170 per maand
    Graad 1 – 2 - R700 per maand
    Graad 3 – 7 - R585 per maand
  - Jaarlikse fooi: Graad 1 – 2 - R6 550.00
    Graad 3 – 7 - R5 450.00
  - Noue skakeling met ouers en personeel van skool
  - Beskik oor toerusting en fasiliteite vir speletjies
  - Nasorg sluit daagliks om 17:30
  - Graad 1’s word veilig begelei na en van buitemuurse aktiwiteite.

Nasorg vorm NIE deel van die normale skoolprogram nie.

AKADEMIESE INLIGTING

Leerplanne soos deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) voorgeskryf, word gevolg. ‘n Leerder moet aan die opvoedingsprogramme soos deur die skool voorgeskryf, deelneem, tensy vrystelling skriftelik deur die skool verleen is.

Grondslagfase

(Graad 1 tot Graad 3— KABV)

AFRIKAANS HUISTAAL

- Huistaal: Afrikaans
- Eerste Addisionele Taal: Engels
- Geïntegreerde Taalprogram:
  - Luister en Praat
  - Lees en Klanke
  - Skryfwerk
  - Handskrif

WISKUNDE

- Ontwikkeling van vaardighede en kennis
  - Fisiese kennis
  - Sosiale kennis
  - Logiese kennis
- Getalle, bewerkings en verwantskappe
- Patrone, funksies en algebra
- Ruimte en vorms
- Meting
- Datahantering

LEWENSVAARDIGHEDE

- Aanvangskennis en persoonlike en sosiale welstand
- Skeppende Kunste
- Liggaamsopvoeding

UITBREIDING VAN DIE KURRIKULUM

- Rekenaar-ondersteunde leer
- Biblioteek en navorsing
- Interaktiewe witborde
- Multimedia opvoeding

Intermediêre Fase

(Graad 4 tot graad 6 - KABV)

VAKKE
- Huistaal: Afrikaans
- Eerste Addisionele Taal: Engels
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe en Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde)
- Lewensvaardighede (Persoonlike en Sosiale Ontwikkeling, Fisiese beweging en Kreatiewe Kunste)

HANDBOEKE
Handboeke word in al die vakke gebruik.

EVALUERING
- Streng volgens die vereistes van die KABV-dokumente.
- Deurlopende assessering en evaluering van leerders se vordering vind plaas met geleenthede vir interaksie tussen ouers en opvoeders.
- Toetsweek gedurende die eerste en derde kwartale; formele eksamen in Junie en November.

Senior Fase *(Graad 7— KABV)*

LEERAREAS
- Huistaal: Afrikaans / Engels – Leerders het die opsie om beide tale op eerstetaalvlak te neem, maar hulle is onderhewig aan ‘n assessering.
- Eerste Addisionele Taal: Engels
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Aardrykskunde)
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Kreatiewe Kunste
- Lewensoriëntering

LEERAREAMATERIAAL
Handboeke: Dieselfde as IF
Aangekoop in 2013

EVALUERING
- Streng volgens die vereistes van die KABV-dokumente.
- Deurlopende assessering en evaluering van leerders se vordering vind plaas met geleenthede vir interaksie tussen ouers en opvoeders.
- Toetsweek gedurende die eerste en derde kwartale; formele eksamen in Junie en November.

Stelsel van skolastiese rekenskap
Graad 1 tot Graad 3
Terugvoering aan die ouers oor die leerders se vordering sal 3 of meer keer per jaar geskied.
Gedurende die jaar vind deurlopende evaluering plaas en waar probleemgevalle sou opduik, sal ouers daaromtrent ingelig word. Ouer-opvoeder geleenthede word aan die einde van elke kwartaal geskeduleer.

Graad 4 tot Graad 7
Gereelde studiegewoontes word by ons leerders bevorder en ingeskerp deur ‘n stelsel van toetse gekombineer met die eksamenstelsel.
‘n Rapport word uitgereik aan die einde van elke kwartaal. Ouer-opvoeder geleenthede word aan die begin van elke kwartaal geskeduleer.

Olimpiades & Kompetisies
Die doel van deelname aan olimpiades is om standaarde te meet op nasionale vlak.

- Alle leerders (graad 1 – 7) neem deel aan ons skool se spelolimpiade.
- Alle leerders (graad 1 - 7) neem deel aan die jaarlikse Wiskunde Uitdaging behartig deur die Metro Noord Distrikskantoor
- Alle leerders (graad 4 – 7) neem deel aan die jaarlikse Suid-Afrikaanse Wiskunde Kompetisie (AMESA).
- Die top 16 graad 7-Wiskundeleerders neem jaarliks deel aan Laerskool Van Riebeeckstrand se Wiskunde Kompetisie.
- Graad 6- en 7-leerders neem aan die jaarlikse Media 24 Wêreldkennis-Olimpiade deel.
- Graad 5 – 7 leerders neem deel aan 'n landswye NW-Olimpiade.
- Die top 20 graad 6- Wiskundeleerders neem jaarliks deel aan die Wiskunde-in-Aksie kompetisie aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie in samewerking met die SAOU.
- Graad 6- en 7-leerders neem deel aan 'n Afrikaanse leesprojek, aangebied deur ATKV in samewerking met LAPA uitgewers.
- Alle leerders word blootgestel aan die CAMI Wiskunde Spoed Kompetisie.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE
Dit is die skool se wens dat ons leerders, afgesien van die akademie, hulself ook op sport– en kultuurgebied moet kan uitleef en dit geniet. Die beginsel van 'n gesonde liggaam wat 'n gesonde gees huisves, is vir ons belangrik. Dit sal nie net die leerders op sport– en kultuurgebied help nie, maar ook van groot waarde wees wanneer die leerders vir hul akademie moet voorberei. Daar word gepoog om genoegsame geleenthede vir deelname aan 'n verskeidenheid aktiwiteite te skep. Die elemente van kompetisie en genot moet hand aan hand loop. 'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word deur Laerskool Welgemoed aangebied:

SPORT
'n Voltydse sportbestuurder sien om na alle fasette van die sportaktiwiteite van die skool. Afrigting word deur opvoeders sowel as gekeurde buite-afrigters na skool hanteer. 'n Wye verskeidenheid sportsoorte word aangebied. Sportdeelname aan wedstryde, sportdae en toernooie geskied gereeld.

Kostes is ingesluit by die skoolfonds vir atletiek, netbal, landloop, krieket, rugby en hokkie.
Vir tennis en swem word een oefening per week in die 1ste en 4de kwartaal aangebied, vir skaak twee oefeninge per week, in die 2de en 3de kwartaal. 'n Sportkomitee stel ouers in staat om aktief betrokke te wees by die skool se sport.

SOMERSEISOEN

- Atletiek: span-oefeninge op Maandae en Woensdae. Massa-oefeninge op Dinsdag. Span word saamgestel na Top 6-byeenkoms.
- Krieket: o/7 - o/13. Wedstryde word vanaf o/8 gespeel.
- Tennis: o/11 en o/13 speel liga-wedstryde en word gekeur vir WP-proewe.
- Swem word deur 'n buite-instansie aangebied: Massa-deelname aan interhuisgala. Die swemspan neem aan verskeie galas deel.
- Skaak.

WINTERSEISOEN

- Rugby: weeklikse wedstryde gedurende die seisoen van o/7 tot o/13.
- Netbal: weeklikse wedstryde gedurende die seisoen van o/8 tot o/13.
- Hokkie: weeklikse wedstryde gedurende die seisoen van o/8 tot o/14.
- Skaak: weeklikse wedstryde sowel as gereelde toernooie.
- Landloop: byeenkomste elke Vrydag gedurende seisoen.

KULTUUR

Kuns

Kunsklasse word aan al die grade aangebied deur gekwalifiseerde leerkragte met baie ondervinding. Alle vorme van visuele kuns word aan die leerders bekendgestel, bv. teken, skilder en pottebakkery. Verskillende materiale word gebruik, o.a. tempera, akrielverf, papier-mache, draad, ens.

Toneel
ACT-groep
Hierdie leerders word gekeur en bestaan uit ‘n klein, talentvolle groep wat ‘n spesifieke toneelstuk opvoer by verskeie geleenthede. Daar word aandag gegee aan die verdere ontwikkeling van alle aspekte van drama.

Daar word ook privaat dramaklasse deur ‘n opgeleide persoon aangebied. Hierdie klasse kan deur die graad 1-7 leerders bygewoon word teen ‘n addisionele fooi.

Eisteddfod
Ons neem elke jaar deel aan verskeie Eisteddfods. Daar word in die volgende afdelings deelgeneem, nl. gedigte, skeppende skryfwerk, kuns, drama, sang, prosa, musiek, openbare redevoering en skrif. Leerders van graad 1 tot 7 word die geleentheid gebied om deel te neem.

Koor
Die graad 2-3 leerders sing in die ***Juniorkoor*** nadat elke leerder se stem en musikale vermoë individueel getoets is.
Aan die einde van die leerder se graad 3 - jaar lê hy/sy weer 'n oudisie af waarna suksesvolle kandidate dan lid word van die ***Seniorkoor***, bestaande uit graad 4- tot graad 7-leerders. Beide die kore is baie aktief en tree op uitnodiging in kerke en by sosiale funksies op. Hulle behaal jaarliks skitterende uitslae by Eisteddfods o.a. Stellenbosch, Tygerberg en die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod.

Privaat klasse
Daar word ook ‘n wye verskeidenheid van kulturele aktiwiteite deur professionele persone aangebied. Hierdie aktiwiteite word op die perseel aangebied met addisionele kostes daaraan verbonde. Die aktiwiteite sluit die volgende in: drama, musiekteorie, klavier, blokfluit, viool, kitaar, klawerbord, sang, dans en ballet.

> ***“Deur musiekopvoeding verwerf die kind dus 'n middel wat hom gedurende sy hele lewe, te alle tye en in alle omstandighede, egte vreugde en genot sal verskaf en so sy bestaan op 'n unieke manier sal verryk.”***

ANDER BELANGRIKE INLIGTING

Bybelonderrig
Tensy ‘n ouer uitdruklik op die toelatingsvorm aangedui het dat hy/sy beswaar het teen Bybelonderrig, word ‘n leerder aan Bybelonderrig, met ‘n Christelike inslag, tydens skoolure blootgestel.

Mediasentrum
Die skool beskik oor ‘n mediasentrum met ‘n eie naslaanafdeling en is gedurende pouses en sekere middae oop vir ons leerders.

Snoepie
Die snoepie word bestuur deur die OOV en bied gesonde en heilsame voedselhappies te koop aan.

Veiligheid
Alle besoekers moet tydens skoolure (07:50 – 14:20) by die kantoor aanmeld.
Skoolhekke sluit om 07:50 en open om 12:45.
Geen leerder mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.

Remediëring – Prospicumus Opvoedingsentrum
As u seun/dogter werklik 'n leerprobleem in 'n leerarea / leerprogram het, word sy probleme deur 'n remediëringskomitee ondersoek en word dan besluit wat in die beste belang van u kind gedoen

behoort te word. In samewerking met die span word 'n remediërende program uitgewerk wat die volgende mag insluit:

REMEDIëRING
- Volledige evaluasies
- Siftings-evaluasies
- Individuele en groepsterapie
- Ouerleiding
- Wiskunde
- Huistaal: Lees en spelling
- Skoolgereedheidsevaluasies

ARBEIDSTERAPiE
- Volledige evaluasies
- Leerprobleme
- Sensoriese integrasie
- Perseptuele ontwikkeling
- Growwe- en fyn motoriese ontwikkeling

SPRAAK- EN GEHOOR
- Spraak-/Taalterapie en Oudiologie
- Vroeë identifikasie van taal- en spraakprobleme
- Spraak- en taalevaluasies

SBST(Skoolgebaseerde Ondersteuningspan)
- Gevalle-besprekings
- Verwysings
- Sprekersaande
- Transkribeerders
- Leesontwikkeling

DIDAKTIESE HULPSPAN
- Inskakeling vir leerders met didaktiese behoeftes
- Individuele / Groepsterapie
- Gerekenariseerde leesprogram

SOETLIEF PROGRAM
- Emosioneel – Sosiale Vaardigheidsprogram

OPVOEDERHULPSPAN
Bystand vir klasopvoeder in opstel van IOOP (Individuele Onderwys- en Ondersteuningsplan) en die skryf van individuele programme.

SKOOLDRAG
Ons is gesteld daarop dat ons leerlinge in netjiese skooldrag geklee sal wees.

Verskaffers van die uniform is De Jagers (oorkant Tygervallei, langs Melissa's) Tel: 021-914 7816 en Sport & Leisure (in Willowbridge) Tel 021-914 0495. U kan gerus ook die skool se klerebank besoek. Hier kan u goeie gebruikte skoolklere teen 'n redelike prys aanskaf.

Alle kledingstukke moet gemerk word. Die leerling se naam en van moet ook aan die binnekant van elke skoen met 'n permanente merkpen geskryf word.

Die dogters mag slegs maroen haarlinte, balletjies of haarbande dra. Sieroorkrabbetjies word nie toegelaat nie - slegs goue of silwer knopies of klein ringetjies is toelaatbaar.

Die graad 1 tot 3-seuns en -dogters kan in die somer kaalvoet skool toe kom, maar wit sokkies en wit tekkies is in die wintermaande verpligtend, asook op Vrydae vir die saalbyeenkoms.

Graad 1 tot 3

Dogters

- Maroen broekie
- Maroen sporthempie (somer)
- Wit tekkies en wit sokkies
- Skoolsweetpak
- Kort of langmou maroen gholfhempie
- Skooltrui
- Skoolreënbaadjie
- Plakkies

Seuns

- Maroen broekie
- Nuwe gholfhempie (somer)
- Wit tekkies en wit sokkies
- Skoolsweetpak
- Kort of langmou maroen gholfhempie
- Skooltrui
- Skoolreënbaadjie
- Plakkies

Graad 4 tot 7

Dogters

- Hemp: Somer – wit, kortmou, oopnek
Winter – wit, langmou, boordjie
- Jurk(rok): Maroen
- Sokkies: Somer – wit, kort
Winter – swart lang kouse of grys sokkies met goud, ligblou en maroen strepe.
- Das: Maroen met skoolwapen. (Graad 7's ontvang 'n spesiale das vanaf die skool.)
- Trui: Maroen skooltrui
- Reënbaadjie: Maroen skoolreënbaadjie. Hierdie is die enigste toelaatbare reënbaadjie.
- Skoene: Swart
- Baadjie: Maroen. Skool kleurbaadjies is opsioneel.

As 'n alternatief in die winter is daar die skoolsweetpak met Welgemoed sporthemp (kortmou of langmou) en oorwegend wit tekkies, vanaf Maandag tot Donderdag. Vrydae word die formele wintersdrag gedra.

Seuns

- Hemp: Somer – wit, kortmou, oopnek
Winter – wit, langmou, boordjie
- Broek: Grys, lank of kort
- Kouse: Grys, met goud, ligblou en maroen strepe
- Das: Maroen met skoolwapen. (Graad 7's ontvang 'n spesiale das vanaf die skool.)
- Trui: Maroen skooltrui
- Rëenbaadjie: Maroen skoolreënbaadjie. Hierdie is die enigste toelaatbare reënbaadjie.
- Skoene: Swart
- Baadjie: Maroen. Skool kleurbaadjie is opsioneel.

As ‘n alternatief in die winter is daar skoolsweetpak met Welgemoed sporthemp (kortmou of langmou) en oorwegend wit tekkies, vanaf Maandag tot Donderdag. Vrydae word die formele wintersdrag gedra.

Slegs maroen serpe en handskoene word toegelaat.

SPORTDRAG

Dogters
Tennis, hokkie en netbal
- Donkerblou (navy) rompie (graad 4 - 7)
- Moulose hempie (graad 4 - 7)
- Maroen broekie en nuwe gholfhemp (graad 1 - 3)
- Wit sokkies (netbal en tennis) en skool-hokkiesokkies
- Wit tekkies of hokkieskoene

Seuns
Tennis, krieket en hokkie
- Maroen broekie
- Nuwe gholfhemp
- Skool-hokkiesokkies (krieket en hokkie)
- Wit sokkies (tennis en mini-krieket)
- Wit tekkies of hokkieskoene.

GEDRAGSKODE
Alle leerders en hulle ouers moet by toelating ‘n gedragskode onderteken. Die gedragskode is daar vir elke leerling se persoonlike veiligheid en vir goeie skooldissipline. As deel van die toelatingsvereistes onderneem elke ouer en leerder om die dissiplinestyl van die skool te eerbiedig en ten volle te ondersteun.

‘n Leerder is altyd onderworpe aan die dissipline van die skool. (Binne sowel as buite die skoolterrein).

SKOOLREëLS
Ons glo in die aankweek en behoud van goeie, positiewe, gesindhede by elke leerder teenoor hom-/ haarself, sy/haar medemens, die ouerhuis, die skool, die gemeenskap, die land en teenoor God.
Gesonde aanvaarbare lewenswaardes en norme word gevorm deur middel van riglyne vanuit die ouerhuis, skool en godsdienstige instelling.

AFWESIGHEID
Laerskool Welgemoed ondersteun die Onderwysdepartement se beleid om stiptelike en gereelde skoolbywoning te bevorder. Afwesigheid sonder ‘n rede is onaanvaarbaar en sal onmiddellik opgevolg word.

Wanneer 'n leerder afwesig is, moet die ouer die skool teen 08:15 daarvan in kennis stel. Skakel die sekretaresse (021 913 2104), SMS die klasonderwyser of stuur 'n boodskap saam met een van u ander kinders na die opvoeder.

Indien die leerder afwesig gemerk word gedurende die eerste periode en die skool geen kennisgewing van ouers ontvang het nie, sal u geskakel word om te bevestig of die leerder wel afwesig is.

Leerders wat na 07:50 arriveer, moet hul name in ‘n register by ontvangs neerskryf.

‘n Leerder moet vir die volle skooldag teenwoordig wees om aanwesig gemerk te word.

'n Mediese sertifikaat moet ingehandig word indien 'n leerder vir drie of meer dae afwesig is. Dit geld ook vir afwesigheid op 'n toetsdag.

Indien ouers gedurende die skoolkwartaal met vakansie wil gaan, moet hulle hul versoek skriftelik aan die skoolhoof rig. Ouers is dan self verantwoordelik om agterstallige werk in te haal wat die leerder gedurende hierdie tyd gaan verloor.

Indien ‘n leerder afwesig is weens sportdeelname, moet ‘n brief op ‘n briefhoof van die instansie aan die skoolhoof gestuur word.

Indien ‘n leerder gereeld sonder rede afwesig is, kan die ouer in kennis gestel word dat die leerder ‘n risiko loop om van die register geskrap te word.

‘n Leerder se naam mag van die register verwyder word indien die leerder sonder rede vir 10 agtereenvolgende skooldae afwesig is.

‘n Leerder wat meer as 52 dae in ‘n jaar afwesig was, mag gevra word om die jaar te herhaal.

ALGEMENE GEDRAGSREëLS

- Beserings opgedoen deur leerders op die skoolterrein moet onmiddellik gerapporteer word en die beseerde moet gebring word vir behandeling.
- Geen bakleiery, afknouery of gevaarlik speletjies met skerp voorwerpe word op die skoolterrein toegelaat nie. Leerders mag wel met sagte balle speel, maar nie naby enige vensters nie.
- Slegs leerders met tekkies aan mag op die netbal-/tennisbane speel.
- Daar mag nooit binne die skoolterrein met ‘n fiets gery word nie – alle fietse word gestoot. Dieselfde geld vir rollemskaatse en skaatsplanke.
- Enige vorm van vandalisme is verbode en moet dadelik gerapporteer word. Geen leerder mag oor hekke, drade of in bome klouter nie en beskadiging van skooleiendom moet dadelik aangemeld word.
- Nadat ‘n leerder die skoolterrein soggens betree het, mag geen leerder voor 14:20 die skoolterrein verlaat sonder die skoolhoof se toestemming nie.
- Leerders moet stiptelik by skool- en buitemuurse bedrywighede opdaag.
- Kougom word nie binne die skoolterrein toegelaat nie.
- Dit is elke leerder se plig om ‘n bydrae te lewer tot die netheid van die skoolgebou en terrein.
- Geen leerder of voorskoolse kind mag gedurende onderrigtyd op die klimrame speel nie.
- Leerders mag nie sonder toestemming deur die sproeiers hardloop nie.
- Indien ‘n leerder medies ongeskik is vir deelname aan skoolaktiwiteite, is die voorlegging van ‘n mediese sertifikaat ‘n vereiste. Indien ‘n leerder nie aan ‘n Liggaamlike Opvoeding-periode mag deelneem nie, word slegs ‘n brief van die ouers verlang.
- Indien ‘n leerder siek is, mag hy van die skool se telefoon bel.
- Selfone mag nie tydens skoolure aan wees nie.
- Leerders mag nie naby voertuie speel nie.

GANGE

- Geen leerder word voor skool of gedurende pouses in die gange of klaskamer toegelaat nie, behalwe as hy/sy die toilet wil besoek.
- Tydens reëndae mag leerder voor skool of gedurende pouse ordelik in die gange of in sy/haar klaskamer vergader.
- Klaswisseling en beweging in die gange geskied altyd ordelik en flink.
- Leerders stap in ‘n reguit, enkel ry aan die linkerkant en mag nie gesels nie. Niemand mag in die skoolgebou hardloop of speel nie.
- Klerehakke voor klaskamers moet altyd netjies vertoon en aan die einde van elke skooldag leeggemaak word.
- Geen leerder mag sonder toestemming van ‘n onderwyser in die administratiewe gang beweeg nie.
- Leerders gebruik altyd die sy-ingange van die skool en nooit die hoofingang van die skool nie.
- Plakkate, foto’s en kennisgewings wat in die gange opgeplak word, mag nie bekrap word nie. Kennisgewingborde mag slegs gedurende pouse of voor/na skool geraadpleeg word.

- Alle tasse wat in gange geplaas word, moet in ‘n netjiese ry teen die muur gepak word.
- Die lang gang vanaf die geteerde netbalbaan na die musiekkamers mag nie deur die senior primêre leerders gebruik word om die skool te verlaat nie.

KLASKAMERS

- Die algemene netheid van die klaskamers is almal se verantwoordelikheid en banke, skryfborde en aansteekborde word te alle tye netjies gehou.
- Die banke mag nie bekrap word nie en slegs handboeke en skryfboeke mag aan die einde van ‘n dag onder die bank gelaat word.
- Geen ongewenste leesstof of speletjies word in die klaskamer toegelaat nie. Indien dit by leerders gevind word, sal dit gekonfiskeer word.
- Geen leerder mag die klaskamer verlaat sonder die toestemming van die leerkrag nie.
- Leerders staan op om te groet wanneer die skoolhoof die klaskamer betree.
- Geen etery sonder toestemming van die leerkrag word in die klaskamer toegelaat nie. Slegs op reëndae mag leerders in die klaskamers tydens pouses eet.
- Huiswerkboeke mag nie by die skool gelaat word nie en ouers moet gereeld die huiswerkboek teken.
- Leerders mag nie ander leerders se eiendom bekrap of beskadig nie en sal verantwoordelik gehou word vir die skade.
- Beskadiging van eiendom weens oortreding van reëls, sal verhaal word van die betrokke leerders se ouers.

KLOKKE

- Wanneer die eerste klok soggens en na pouses lui, tree leerders onmiddellik in rye by onderskeie aantreeplekke aan. Wanneer die tweede klok lui, moet alle leerders doodstil staan en luister na moontlike aankondigings.
- Drie lang/kort luie beteken 'n ontruiming buite/binne.
- Tydens 'n kragonderbreking sal 'n handklok gebruik word.

PERSOONLIKE VOORKOMS

Leerders moet te alle tye voldoen aan die algemeen, aanvaarbare standaarde vir persoonlike netheid, sindelikheid en higiëne. Die dra van die voorgeskrewe skooluniform is verpligtend.

Dogters

- Dogters se hare moet altyd netjies versorg wees en nie in die oë hang nie.
- Wanneer hare skouerlengte bereik, moet dit vasgemaak word
- Slegs maroen of swart rekkies, en slegs maroen linte of haarbande word toegelaat.
- Naels moet skoon en kort wees en geen naellak word toegelaat nie.
- Geen grimering nie.
- Geen permanente golwing of kleur van hare word toegelaat nie en geen permanente versiersels mag in die hare gevleg word nie. (Geen sonstrepe nie.)
- Slegs die klein, dun goud of silwer oorringe of knoppies (studs) word toegelaat. Die ring/knoppie (stud) moet aan die oorlel gedra word en slegs een per oor is toelaatbaar.
- Slegs maroen serpe en handskoene mag gedra word.

Seuns

- Seuns se hare moet netjies versorg word – mag nie aan die kraag of aan die wenkbroue raak nie.
- Seuns se hare mag nie in lae (step) gesny word nie en moet volgens die haarlyn geknip word. Agter neem die hare die vorm van die kop aan.
- Geen jel word toegelaat nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.

Skooldrag

- Leerders moet die voorgeskrewe somers/wintersdrag dra. Die korrekte drag moet ook na sportoefeninge, LO-periodes en wedstryde gedra word.
- Indien ‘n leerder weens onvermydelike omstandighede hiervan moet afwyk, moet skriftelike toestemming verkry word.

    - Slegs die skool se maroen windjakker word toegelaat.
    - Truie en windjakkers se moue mag nie opgestoot word nie en word nie oor die skouers gedra nie.
    - Hemde mag nie uithang nie en lang grys sokkies moet te alle tye opgetrek wees.
- Swart skoolskoene moet netjies vertoon en gereeld gepoets word.
- Geen juweliersware, behalwe polshorlosies en Medic-Alert armbandjies, word toegelaat nie.
- Alle klere moet duidelik gemerk wees en navraag oor verlore goedere moet by ontvangs gedoen word.

KLEEDKAMERS

- Kleedkamers moet te alle tye netjies en sindelik gehou word.
- Geen spelery of samedromming word daar toegelaat nie.
- Gedurende skoolure moet daar stilte heers.
- Leerders moet kleedkamers voor skool of gedurende pouses besoek en besoeke tydens lesure tot die minimum beperk.
- Wanneer leerders verklee vir sportoefeninge of wedstryde net na skool, mag die naaste kleedkamer gebruik word.
- Toiletware moet spaarsamig gebruik word. Elke leerder moet sy eie sakdoek / sneesdoekies skool toe bring.
- Enige wangedrag van leerders of defekte in die kleedkamer moet dadelik aan die opvoeder gerapporteer word.
- Leerders mag nie tydens die wisseling van klasse sonder toestemming die kleedkamers besoek nie.

DAAR SAL VAN TYD TOT TYD REëLS DEURGEGEE WORD WAT NIE IN DIE GEDRAGSKODE IS NIE. HIERDIE REëLS SAL NET SO BINDEND WEES SOOS DIE GESKREWE ReëLS.

Ons Skoollied

Aan die voet van Tygerberg
Met sagte groene wei –
In ons skool so mooi geleë,
Word ons toekoms voorberei.
Kyk dus ver - dit is ons leus'
En daarop sal ons bou –
Laat ons ook ons ideale
Nastreef en behou.

Laerskool van Welgemoed
Met pragtig vergesig –
Onse alma mater trots
Maak elkeen doelgerig.
Kyk dan steeds die vertes in –
Met die kennis wat ons buit,
Sal ons strewe altyd wees:
Kyk ver, ja, kyk vooruit!

E van der Merwe
20 April 1971